HANTAM MUNISIPALITEIT

JAARVERSLAG 2010- 2011

HANTAM MUNISIPALITEIT – JAARVERSLAG 2010/11

INHOUDSOPGAWE

1. Boodskap van die Burgemeester 3

2. Boodskap van die Waarnemende Munisipale Bestuurder 4

3. Munisipaliteit se prestasie gemeet aan die vyf Sleutel Prestasie Areas:

SPA 1: Infrastruktuur Ontwikkeling en Dienslewering 5

SPA 2: Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling 15

SPA 3: Munisipale Transformasie en Organisatoriese Ontwikkeling 17

SPA 4: Effektiewe Bestuur en Publieke Deelname 26

SPA 5: Effektiewe Munisipale Finansiële Bestuur 28

BOODSKAP VAN DIE BURGEMEESTER

Die 2010/2011 finansiële jaar was ‘n waterskeidingjaar met die Plaaslike Regeringsverkiesing wat gelei het tot ‘n bewindsverandering deur ‘n DA en COPE koalisieregering. Die nuwe DA geleide koalisie regering streef daarna om verskeie gebreke reg te stel wat huidig in die administrasie voorkom. Een van die belangrikste stappe sal die aanstelling van ‘n nuwe Munisipale Bestuurder wees. Daarmee saam verwag ons dat ‘n Prestasie Ooreenkoms met die nuwe Munisipale Bestuurder gesluit sal word. Ons verwag dan ook dat al die hoofde weer met die Munisipale Bestuurder Prestasiekontrakte sal sluit. Die vorige raad het in gebreke gebly om toe te sien dat die Munisipaliteit ‘n doeltreffende prestasie bestuurstelsel bedryf en hoop ons om dit in die nuwe finansiële jaar reg te stel.

Hierdie verslag vestig u aandag op verskeie werksaamhede, programme en beleide van die Hantam Munisipaliteit gedurende die 2010/11 finansiële jaar en terselfdertyd dien dit as ‘n vorderingsverslag in terme van doelwitte wat vir die finansiële jaar gestel is.

A.F. Fritz
Burgemeester

BOODSKAP VAN DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

Die 2010/11 finansiële jaar is gekenmerk deur die Plaaslike Regeringsverkiesing waar ‘n DA geleide koalisieregering die bewind oorgeneem het. Die prestasie van die Munisipaliteit vir die 2010/11 finansiële jaar weerspieël egter merendeels die prestasie van die uitgaande raad.

Om te bou op die prestasies van die vorige finansiële jaar bly egter ‘n uitdaging in die lig van beperkte kapasiteit waaroor die Munisipaliteit beskik. Die grootste uitdaging bly egter die vermoë van ons gemeenskappe om vir hulle dienste te betaal. Hoë werkloosheid verswak die vermoë van die inwoners om vir hulle dienste te betaal met die gevolg dat kontantvloei van die Munisipaliteit voortdurend onder druk bly. Aan die positiewe kant kon die Munisipaliteit gedurende die finansiële jaar ‘n kontrak met ‘n Behuisingsontwikkelaar sluit wat huise kon bou in Brandvlei, Nieuwoudtville en Loeriesfontein met subsidies wat deur die Nasionale Behuisingsdepartement toegeken is.

Skakeling met die gemeenskap bly steeds ‘n groot uitdaging en sal ons daadwerklike pogings aanwend om skakeling met die publiek op te skerp. Dit is duidelik dat gemeenskapsvergaderings, wat swak bygewoon word, nie meer die enigste wyse van skakeling kan wees nie.

Die groot gebied wat die munisipaliteit bedien, skep uiteraard uitdagings hoe om produktiwiteit te verbeter. Baie man-ure gaan verlore om tussen dienspunte te reis. Die raad is besig om die totale kommunikasie strukture te verbeter ten einde fisiese ritte te verminder.

Amptenare, in samewerking met die Raad en ander rolspelers, is gemotiveerd om in die volgende rapportering daadwerklik te verbeter waar ons prestasie nie op standaard is nie en ons munisipale leuse uit te leef:

BEREID OM TE DIEN

I.G. Valentein
Wnd. Munisipale Bestuurder

SPA 1: INFRASTRUKTUUR ONTWIKKELING EN DIENSLEWERING

1.1 WATERDIENSTE

1. Algemeen:

Watermeters word maandeliks gelees vir heffing van diensterekeninge. Foutiewe en lekkende watermeters en aansluitings word herstel sodra dit aangemeld word.

Watermeters en aansluitings word gratis aan behoeftige huishoudings verskaf. Die gratis basiese water van 6 kiloliter word aan alle behoeftige huishoudings verskaf.
Alle onderbrekings word beperk tot 'n maksimum van 8 ure voordat dit herstel is.

By nuwe ontwikkelings, bv. waar erwe onderverdeel word, word van die ontwikkelaar verwag om vir die koste van opgradering van die hoofdienste te betaal.

Alle formele huise is van watermeters voorsien, behalwe drie huise op Middelpos wat nie naby die ander huise geleë is nie.

Met wanbetaling word beperkingswasters by aansluitings geïnstalleer om net ongeveer 6 kiloliter water op ‘n drup basis deur te laat.

Waterverspreidingsverliese word nie huidig gemeet nie. Beplanning sal gedoen moet word om die nodige grootmaatmeters en rekenaarsagteware aan te koop om die verliese in die toekoms te bepaal.

Watermonsters word maandeliks geneem en geen ernstige probleme is ondervind nie. Waar daar wel tekens van skadelike bakterieë voorgekom het is die reservoirs en hoof netwerke gespoel en addisioneel gechlorineer. By alle reservoirs is chlorineringsapparate in werking. Begroting by die suiweringswerke is met ongeveer 30% aangepas om aan die nodige instandhouding van uitbreidings te voorsien. Hantam Munisipaliteit is gekies as die eerste dorp in Afrika waar ‘n unieke watertoets apparaat wat ontwikkel is deur Universiteit Kaapstad getoets word. Tot op hede lyk die toetsresultate baie belowend.

Waterdiensteplan is voltooi en deur die Munisipaliteit goedgekeur. Die plan is ook beskikbaar vir publieke insae.

Boorgate wat water aan dorpe lewer word op 'n daaglikse basis gemoniteer en lesings word na Departement van Waterwese en Bosbou aangestuur. Daar word beplan om die watergehalte van Brandvlei te verbeter. Fase 1 is afgehandel en fase 2 sal binnekort ‘n aanvang neem.

Brandvlei, Loeriesfontein en Nieuwoudtville is elk van drie nuwe voertuie voorsien om dienslewering te verbeter. Vir Calvinia is twee rioolsuigwaens, een wipbakvragmotor en een padskraper aangekoop.

Konsultante word gebruik by groot kapitale projekte om as raadgewende ingenieurs vir die munisipaliteit op te tree.

Die munisipaliteit het deelgeneem aan die Blue Drop program en behaal 78% wat die 4de beste in die Noord Kaap is. Met die Green Drop program behaal die munisipaliteit 19%. Daar word daaraan gewerk om by die volgende evaluering die volle Blue Drop status te behaal asook ’n verbetering aan die Green Drop status.

2. Calvinia:

Die munisipaliteit verskaf water aan 2170 huishoudings/besighede.

Die hoof netwerk in Calvinia-Wes is verouderd en pypbreuke kom gereeld voor, veral gedurende die wintermaande.

Die dorp se water kom uit die Kareedam wat voldoende is vir normale reënjare. In droogtetye is daar 9 boorgate wat by die netwerk ingeskakel kan word. ‘n Telemetriestelsel beheer die aan- en afskakel van pompe by boorgate asook die watervlakke van die reservoir. Die opgradering van die watersuiweringwerke op Calvinia is in November 2010 mee begin en tans nog onder konstruksie.

3. Brandvlei:

Die munisipaliteit verskaf water aan 665 huishoudings/besighede.

Die hoof netwerk is verouderd, maar pypbreuke kom nie algemeen voor nie. Kalk in die water veroorsaak egter dat pype toekalk en veral watermeters moet op ‘n gereelde basis vervang word. Die oplossing is om die water by die reservoir te ontkalk, maar voorlopige ondersoeke toon aan dat dit baie duur gaan wees.

Water kom uit 6 boorgate van die plaas Roman wat 48 km. Suid-Oos van die dorp geleë is. Een van die boorgate word gehuur by ‘n aanliggende boer. Die pompe is almal dieselaangedrewe. Die munisipaliteit het ‘n voltydse waterbeampte wat op die plaas bly, aangesien dit te vêr is om daagliks heen en weer te pendel.

Daar is begin met ’n ondersoek om water in ’n radius van 20 km. rondom Brandvlei te soek. Dit blyk dat daar wel water beskikbaar is maar dat die sout inhoud van die water baie hoog is. Dit gaan ’n duur ontsoutingaanleg benodig om die water te suiwer. Die ondersoek gaan egter voort.

‘n Grootmaat watermeter is geïnstalleer om waterverlies te meet.

Telemetrie by boorgate kan nie geïnstalleer word nie, aangesien daar nie elektrisiteit op die plaas Roman is nie. Telefoonverbinding word gebruik vir die reëling vir die aan- en afskakel van pompe.

Daar is nie die afgelope jaar enige waterbeperkings ingestel nie. Inwoners is egter histories bedag daarop dat Brandvlei nie water in oorvloed het nie, en dus water spaarsaam moet gebruik.

4 Loeriesfontein

Die munisipaliteit verskaf water aan 845 huishoudings/besighede.

13 Informele huise het ‘n staankraan binne 200 meter van die wonings af.

Die hoof netwerk is verouderd, maar pypbreuke kom nie algemeen voor nie.

Water kom uit 6 boorgate wat rondom die dorp op meentgronde geleë is.

Daar is nie die afgelope jaar enige waterbeperkings ingestel nie. Inwoners is ook soos in Brandvlei se geval, bedag daarop dat water skaars is.

Telemetrie by boorgate is voorheen geïnstalleer, maar werk nie. Boorgate word met die hand aan- en afgeskakel.

5 Nieuwoudtville

Die munisipaliteit verskaf water aan 645 huishoudings/besighede.

35 Informele huise het staankrane binne 200 meter van die wonings af.

Die hoof netwerk is verouderd maar pypbreuke kom nie algemeen voor nie.

Die reservoir wat die dorp voorsien, het van tyd tot tyd leeg geloop wat veroorsaak het dat die hoërliggende dele van die dorp soms sonder water was. Die probleem is aangespreek en kom nou baie minder voor.

Water kom uit 5 boorgate wat ongeveer 5 km. Wes van die dorp geleë is. Daar is ’n huurkontrak met ’n boer wat grens aan die dorp gesluit en ’n boorgat word by hom gehuur. Die boorgat is aan die waternetwerk gekoppel en lewer goeie resultate.

Telemetrie by boorgate bestaan by ‘n aantal boorgate, maar die aan- en afskakel van boorgate word merendeels met die hand gedoen.

6 Middelpos

Die munisipaliteit verskaf water aan 40 huishoudings/besighede.

Daar is geen informele nedersetting op Middelpos nie.

Middelpos se hoofwaternetwerk is nie van ‘n hoë standaard nie, en sal mettertyd in fases vervang moet word. Die harde grondformasie bemoeilik ook die installering van ondergrondse waterpype. Die swak toestand van die pad tussen Calvinia en Middelpos (90km gruispad) veroorsaak dat voertuie en toerusting, om op Middelpos te werk, met moeite en tydrowend daarheen vervoer word.

Middelpos kry sy water uit een boorgat, wat ongeveer 2 kilometer Oos van die dorp geleë is. Daar word beplan om 'n addisionele boorgat te sink asook die reservoir op te gradeer.

Die pomp word met die hand aan- en afgeskakel deur ‘n voltydse werknemer van die munisipaliteit wat op Middelpos woonagtig is.

1.2 ELEKTRISITEIT

Hantam Munisipaliteit verskaf elektrisiteit aan ongeveer 50% van die huishoudings, terwyl Eskom die ander 50% huishoudings bedien. In die Eskom- gebied voorsien die munisipaliteit die straatbeligting. Die getal huishoudings/besighede wat deur die munisipaliteit van elektrisiteit voorsien word, is:

Calvinia: 680
Brandvlei: 170
Loeriesfontein: 215
Nieuwoudtville: 230

Die munisipaliteit verskaf die 50 kWh gratis elektrisiteit aan alle behoeftige huishoudings, behalwe in Middelpos waar Eskom nog nie die huise in sy gebied van elektriese aansluitings voorsien het nie. Die munisipaliteit voorsien hout/paraffien aan die betrokke huishoudings.

Alle formele huise binne die Hantam Munisipaliteit het elektrisiteit aansluitings. Die munisipaliteit het begin met ‘n program om alle nuwe en vervangende aansluitings van voorafbetaalde meters te voorsien.

By wanbetaling van diensterekeninge word elektrisiteit afgesny waar die munisipaliteit elektrisiteit verskaf.

Waar die munisipaliteit verantwoordelik is vir elektrisiteitsvoorsiening, word nuwe aansluitings gedoen met fondse wat verkry word van die Departement Mineraal en Energiesake.

Straatligte word uit die munisipaliteit se eie kapitaalbegroting befonds. Al ons dorpe is van hoëmasligte voorsien. Die munisipaliteit sal met beskikbare fondse op ‘n deurlopende basis straatligte voorsien.

Die elektrisiteitsnetwerke in al ons dorpe is redelik, maar opgradering moet aandag geniet. Dit word ook jaarliks uit die raad se eie kapitale begroting gedoen.

Daar is reeds meesterplanne vir Nieuwoudtville opgestel . Die ander dorpe sal aandag geniet soos fondse beskikbaar word vir die opstel van meesterplanne.

Hantam Munisipaliteit is in die eerste fase van REDS (REDS 1) ingesluit en die invloed wat dit op ons elektrisiteitsverskaffing, inkomste en elektriese personeel gaan uitoefen, is nog nie heeltemal duidelik nie. Hierdie onsekerheid, asook onvoldoende fondse, veroorsaak dat onderhoud en opgradering nie al die aandag geniet wat dit moet nie. Die begroting vir onderhoud van elektriese netwerke is die afgelope twee jaar met meer as 100% aangepas en word doelmatig aangewend.

Hantam Munisipaliteit het twee gekwalifiseerde elektrisiëns in diens. Dit is nie voldoende om voorkomende onderhoud te doen nie. Onderhoud wat hoofsaaklik aandag geniet, is: Hoog- en laagspanningnetwerke, straatligte, erfaansluitings, elektriese toerusting by substasies en hoofstasies, munisipale geboue, waterwerke, rioolpompe en sale. Daar word baie gekonsentreer op publieke klagtes, asook elektrisiteitsonderbrekings wat voorkom. Amptenare woon voortdurend kursusse by om self onderhoud op die dienspunte te doen.

Bystanddiens word op ‘n voltydse basis deur die jaar gedoen om klagtes vinnig aan te spreek en elektrisiteit onderbrekings tot ‘n minimum te beperk. Elektrisiteit personeel doen ook onderhoud op TV herleistasies op ons vier dorpe.

Die munisipaliteit het gedurende die jaar addisionele toerusting aangekoop om sekere elektriese werke self te doen.

Die munisipaliteit maak verder gebruik van die dienste van ‘n private elektrisiteit firma in Calvinia om bystand te doen, asook herstelwerk in tye van krisis.

Konsultante word gebruik by groot kapitaalprojekte om as raadgewende ingenieurs vir die munisipaliteit op te tree.

1.3 PAAIE EN STRATE

Hantam se strate is as volg:

Calvinia	10,8 km. teer en	11,072 km. gruis.
Loeriesfontein	2,5 km. teer en	14,523 km. gruis.
Nieuwoudtville	1,8 km. teer en	25,155 km. gruis.
Brandvlei	2,7 km. teer en	34,18 km. gruis.
Middelpos	3 km. gruis.	

Die meeste strate van die dorpe binne die Hantam Munisipaliteit is uitgetrap en stormwater doen verder skade. Die munisipaliteit verseker dat elke formele erf toegang verkry tot ‘n straat. Die munisipaliteit het ‘n nuwe padskraper aangekoop om ons paaie onderhoud te vergemaklik. Waar moontlik, huur die munisipaliteit ook ‘n padskraper van die Namakwa Distriksmunisipaliteit of Departement Behuising en Plaaslike Regering, indien hulle padskrapers in die omgewing en beskikbaar is.

Die afgelope jaar is 3 laagwaterbrûe te Nieuwoudtville gebou/opgradeer wat ’n groot verbetering met toegang is.

Normale werke wat die munisipaliteit verrig, sluit die volgende in: voertuigingange maak, skoffel van sypaadjies met tydelike werkers ná die reënseisoen, vee van strate en randsteenkanale. Die verf van parkeerstrepe word ook periodiek gedoen. Die dorpe se sakekern, asook strate en sypaadjies, word deur permanente werkers skoongehou. Die skoffel van sypaadjies is ‘n groot tydelike werkverskaffing vir baie werkloses.

Die lap van teerstrate geniet deurentyd aandag. Meeste van die teerstrate moet egter herseël word, maar weens onvoldoende fondse kan dit nie gedoen word nie. ‘n Volledige program vir die opgradering van strate is ook die afgelope twee jaar mee begin en goeie vordering word gemaak. Verskeie besigheidsplanne is by die Departement van Openbare Werke ingedien om fondse te verkry vir die opgradering van sekere strategiese strate.

Besighede in Calvinia het geld geskenk vir die aankoop van Kersliggies wat in Desember van elke jaar met ‘n seremonie aangeskakel word. ‘n Gedeelte straat word die aand gesluit en inwoners braai vleis en ‘n program (straatkarnaval) word aangebied tydens die geleentheid.

1.4 VASTE AFVAL EN RIOOL BESTUUR

1. Vaste Afval:

Huishoudelike afval word een keer per week van huishoudings, en twee keer per week vanaf besighede, verwyder. Swartsakke en 210 liter dromme word gebruik. Die vullisstortingsterreine

van al ons dorpe het nog spaar kapasiteit. Die terreine is almal omhein. ‘n Groot probleem is mense wat items vergader op die stortingsterreine en soms brande daar veroorsaak. Die ge-organiseerde herwinning van skroot op stortingsterreine kom nie van die grond af nie. Ons dorpe is te ver van die groot sentra waar die skroot verwerk word en vervoerkoste maak dit dus onekonomies.

Al die stortingsterreine is geregistreer, behalwe die terrein op Nieuwoudtville waar Departement Omgewingsake ons behulpsaam sal wees met die opstel en registrasie van die terrein. Daar word beplan om die stortingsterrein op Calvinia te skuif na ’n meer geleë terrein aangesien die huidige terrein naby die woongebied is. Die nodige ondersoeke en aansoek om MIG befondsing is op beplanning.

Onwettige stortings op sypaadjies en oop terreine word op ‘n gereelde basis verwyder.

Middelpos se stortingsterrein is op privaat grond geleë, en sal in die toekoms na munisipale grond geskuif moet word.

‘n Geïntegreerde afvalbestuursplan is vir die munisipaliteit opgestel deur Namakwa Distriksmunisipaliteit.

Daar is begin met ’n EPWP program genaamd “ Food for Waste” en 100 werklose persone is in diens geneem vir ’n periode van 3 jaar om ons dorpe skoon te maak.

2. Riool bestuur:

Op al die dorpe in die Hantam Munisipaliteit is riooloksidasiedamme in gebruik.

Alle nagemmers in die munisipale gebied is in terme van regeringsbeleid uitfaseer. Die nagemmers op Loeriesfontein is uitfaseer deur dit te vervang met chemiese toilette en gevolglik word die toilette gesuig wanneer nodig.

Op Calvinia is ‘n spoel rioolstelsel in Calvinia- Wes geïnstalleer. Dit is gedoen met MIG fondse.

Op Nieuwoudtville is gesamentlike dreine opgekoppel om die riool na die oksidasiedamme te pomp. Die riooldamme en ’n rioolpompstasie is ook opgradeer.

Op die ander dorpe word die emmerstelsel uitfaseer met die UDS-stelsel. Dit word gedoen vanweë watertekort, asook fondse om ‘n spoel rioolstelsel aan te pak. Die gemeenskap is nie tevrede met ‘n droë rioolstelsel nie en in die toekoms sal die stelsels met spoel riool vervang moet word. Ongeveer 880 vragte riool word maandeliks op ons dorpe verwyder.

Op Brandvlei het die munisipaliteit voorsiening gemaak om 40 UDS toilette op erwe te installeer en daardeur ook die behoefte aangespreek deur gesamentlike dreine uit te faseer.

Naweke/na-ure word dreine teen ‘n verhoogde tarief, op aanvraag, gepomp.

Publieke toilette word daagliks instand gehou.

Op al ons dorpe is die rioolwerke bykans te klein om die volumes te hanteer. Daar is besigheidsplanne by die MIG ingedien vir Calvinia om die werke te vergroot. Die impakstudie word tans gedoen. Riooldamme op Loeriesfontein is opgradeer.

Die afgelope jaar is probleme met die twee abattoirs in Calvinia ondervind, deurdat die gemeenskap oor slegte reuke kla. ‘n Tydelike reëling is ingestel deurdat die afvalwater nou by die munisipale oksidasiedamme gestort word. Die abattoir eienaars is besig met beplanning om ‘n pyplyn te lê om die afvalwater volgens ooreenkoms by die rioolwerke te stort.

Die spuit van dreine vir kakkerlakke word een keer per jaar gratis op aanvraag gedoen.

Konsultante word gebruik by groot kapitale projekte om as raadgewende ingenieurs vir die munisipaliteit op te tree.

Alle buite werknemers van die munisipaliteit ondergaan een keer per jaar ‘n mediese ondersoek op munisipale koste. Dit is veral belangrik vir werknemers wat met vullis en riool werk.

1.5 OMGEWINGS GESONDHEID

Die doel is om vir die gemeenskap ‘n veilige en gesonde omgewing te skep waar hulle werk, woon en ontspan, asook om voorkomende maatreëls in te stel om gesondheidsrisiko’s te verminder. Alle klagtes wat ontvang word, kry spoedig aandag.

Die Namakwa Distriksmunisipaliteit lewer omgewings gesondheidsdienste in al ons dorpe en op Middelpos.

Mediese afval word op ‘n gereelde basis versamel en in houers, wat spesiaal vir die doel ontwerp is, deur SANUMED verwyder en vernietig.

Voedsel en ander inspeksies by besighede word maandeliks gedoen en smouse word ook besoek. ‘n “Sertifikaat van Nakoming” word uitgereik aan besighede. Tydens die inspeksies word ook opleiding en raad aan winkeleienaars gegee. Geen ernstige probleme, wat die uitreiking van dagvaardigings tot gevolg gehad het, was nodig nie.

Skoolprojekte is by laerskole binne die Hantam Munisipaliteit gedoen, waartydens foto’s en praatjies, video’s en persoonlike higiëne behandel is. Skole word verder getaak om behulpsaam te wees met kinders wat TB-behandeling ontvang.

Vergaderings is gehou met kliniekpersoneel, tuis versorgers en DOT ondersteuners om TB binne die Hantam Munisipale gebied te monitor. Spesiale besoeke word by pasiënte, wat nie volhou met behandelings nie, afgelê.

HIV/Vigs geniet aandag deurdat die munisipaliteit ‘n beleid vir sy personeel opgestel het. Die munisipaliteit dien op die Streek Vigsraad. Departement Gesondheid het ‘n voltydse persoon op Calvinia gestasioneer wat met HIV/Vigs in die streek handel.

Ander gesondheidsdienste:

Die munisipaliteit lewer nie kliniek dienste nie, en dit word gedoen deur Departement Gesondheid.

Abraham Esau hospitaal te Calvinia wat ‘n paar jaar gelede gebou is, bedien die hele streek. Spesialiste van Kimberley besoek Calvinia op ‘n gereelde basis. By die hospitaal is ook ‘n aantal dokters en ander mediese studente wat hulle prakties moet voltooi, geplaas. Al die

dorpe het Provinsiale Ambulansdienste. Klinieke van Departement Gesondheid is op al ons dorpe en Middelpos ontvang ‘n deeltydse kliniekdiens.

Die inenting, dip en uitsit van honde word op ‘n gereelde basis in samewerking met Departement Veeartsenydienste geloods. Voorkoming van hondsdolheid en wurmbesmetting word gedoen.

Onderstepoort se fakulteit vir veeartsenykunde het Calvinia spesiaal besoek en die gemeenskap behulpsaam gewees om honde en katte te steriliseer. Die skole is ook besoek om werwing vir die fakulteit te doen.

Calvinia word besoek deur PETS wat ook sterilisasies van troeteldiere doen.

1.6 BEHUISING

Die funksie van verskaffing van bekostigbare en veilige behuising aan die minderbevoorregte deel van ons gemeenskap, is ‘n Provinsiale en Nasionale taak. Die gemeenskap word ten nouste in die proses betrek.

Daar is ‘n groot tekort aan sub-ekonomiese behuising in al ons dorpe. Departement Behuising en Plaaslike Regering het fondse beskikbaar gestel om ‘n aantal huise te bou as volg:

Calvinia: 60 huise waarvan 55 was om inwoners van die kleihuise te verskuif plus 5 veteraan huise.
Nieuwoudtville: 72 huise.
Brandvlei: 60 huise.
Loeriesfontein: 100 huise.

‘n Nuwe gebied is in Calvinia geïdentifiseer vir die beskikbaarstelling van ‘n georganiseerde informele nedersetting. Inwoners word op ‘n erf geplaas wat die minimum dienste het.

Talle oordragte (transporte) van huise op die naam van die bewoners, het plaasgevind. Probleme waar die oorspronklike huurder weg of oorlede is, en geen boedel het nie, en kinders wat nie kan ooreenkom wie die huise moet kry nie, bemoeilik ‘n aantal oordragte.

Die informele huise op Nieuwoudtville en Brandvlei is so geplaas dat formele huise maklik op die erwe gebou kan word.

1.7 VERKEER, BRANDWEER EN RAMPBESTUUR

1. Verkeer

Die Verkeersdepartement bestaan uit 3 seksies, naamlik: Verkeersbeheer, Tegnies, en Registrasie Owerheid.

Die Verkeersbeheer word hoofsaaklik deur die Provinsiale Verkeer gedoen. Die raad het twee gekwalifiseerde verkeersbeamptes in diens. Goeie samewerking met die SAPD en Provinsiale Verkeer word gehandhaaf. Skole word op ‘n gereelde basis besoek in die oggende net voor skool begin en middae as die skole uitkom om ‘n veilige padomgewing te skep. Begeleiding by goedgekeurde optogte vind op ‘n gereelde basis plaas.

Die tegniese werk behels die verf van padmerke en oprig en onderhoud van verkeerstekens. Vandalisme is ‘n groot probleem. Die oprig van spoedhobbels is ‘n groot behoefte by baie inwoners. Weens die groot finansiële implikasie daarvan, kan die munisipaliteit nie aan al die versoeke voldoen nie en word aansoeke geprioritiseer en spoedhobbels aangebring soos fondse beskikbaar is.

Motorregistrasies en hernuwing van motorlisensies vind op ‘n daaglikse basis op Calvinia plaas. Die toetsing van motorvoertuie vir padwaardigheid vind net op Calvinia op ‘n daaglikse basis plaas, aangesien net Calvinia oor ‘n geregistreerde toetsstasie beskik. Toetsbaan het A-status verwerf en sal nou ook motorfietse kan uitpasseer. Calvinia toetsstasie hanteer nie net die Hantam Munisipaliteit nie maar ook aangrensende munisipaliteite. Toetse vir leerling en bestuurderslisensies vind op afspraak op Calvinia plaas. Op die ander dorpe word toetse vir leerlinglisensies, omskakeling van bestuurderslisensies en voertuig hernuwings gedoen.

Die munisipaliteit se verkeersbeamptes is ook betrokke met die afdwing van die munisipale verordeninge.

Straatnaamborde het aandag gekry en al ons dorpe het nou die nodige naamborde.

2. Brandweer

Die doel van brandbestryding is om lewens te spaar, brande te voorkom en te blus en sodoende ‘n diens aan die publiek te lewer.

Elke dorp het ‘n sleepwa met brandbestryding toerusting. Opleiding is aan ‘n aantal amptenare in elke dorp gegee.

Namakwa Distriksmunisipaliteit stel jaarliks ‘n bedrag aan die Raad beskikbaar om ons brandbestryding toerusting op te gradeer. Die afgelope jaar is ’n tweedehandse 4 x 4 voertuig vir brandbestryding met skenkersgeld aangekoop.

3. Rampbestuur

‘n Rampbestuursplan is in samewerking met Namakwa Distriksmunisipaliteit opgestel.

1.8 BOUBEHEER EN STADSBEPLANNING

Boubeheer word toegepas om te verseker dat bouplanne en die oprigting van geboue volgens die toepaslike wetgewing geskied. Die funksie van boubeheer is ook uitgebrei om te verseker dat die oprigting van sub-ekonomiese huise aan die minimum standaarde voldoen.
Die boubeheerbeampte verseker verder dat die munisipaliteit se geboue onderhou word en nuwe munisipale geboue reg beplan word.

Munisipale kantore in al ons dorpe is van alarmstelsels voorsien. Voertuigstoorplekke moet egter nog van alarmstelsels voorsien word.

Die funksie van stadsbeplanning word ook intern gedoen. Alle onderverdelings, hersonering en nuwe dorpsuitlegte word oorweeg in terme van die Noord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning.

Die munisipaliteit het ‘n Ruimtelike Ontwikkelingsplan laat opstel en die plan word met stadsbeplanning toegepas.

1.9 ONDERHOUD VAN VOERTUIE

Die munisipaliteit het nie meer ‘n meganiese werkswinkel nie en die funksie word deur die privaat sektor gedoen. Voertuigbestuurders doen daagliks die normale vooraf inspeksie van voertuie. Daar is ‘n voertuig opsporingstelsel aangekoop om die bestuur van die motorvloot te vergemaklik.

1.10 INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die inligtingtegnologie help die munisipaliteit om ‘n beter diens aan ons gemeenskappe te lewer.

Gedurende die jaar is die munisipaliteit se rekenaarstelsel opgegradeer. Die hoofraam is vanaf Springbok na Calvinia verskuif.

Daar word jaarliks ‘n aantal rekenaars vervang om op datum te bly met die nuutste tegnologie.

Opleiding word intern gegee en al ons kantoorpersoneel is rekenaargeletterd.

1.11 OPENBARE VERHOUDINGE

Radio Kaboesna is ‘n plaaslike radiostasie wat in Calvinia uitsaai en die munisipaliteit maak gebruik van hulle uitsaaifasiliteite.

Die algemene publiek is welkom en word uitgenooi om raadsvergaderings by te woon.

Calvinia het ‘n streekkoerant wat op al ons dorpe versprei word. Die munisipaliteit maak gebruik van die koerant vir veral wetlike advertensies.

Amptenare is bewus van die Batho Pele-beginsels en daar word beplan om kursusse in die verband by te woon.

1.12 PUBLIEKE FASILITEITE

1. Biblioteke

Op al ons dorpe is biblioteke, maar net Calvinia is voldag oop. Die ander dorpe se biblioteke is net 18 uur per week oop.

Die Departement Kuns en Kultuur subsidieer die munisipaliteit vir ‘n biblioteek ontwikkelingsprogram.

Calvinia is ‘n rolmodel vir ander dorpe en die Departement gebruik die programme wat Calvinia aanbied, as ‘n model vir ander streke.

Met Nasionale Biblioteekweek word uitstallings gedoen en die leeskultuur aangemoedig.

Internet en fotostaatgeriewe word aan leerders teen ‘n nominale fooi beskikbaar gestel.

Op Calvinia word die ouetehuise en skole bedien met satellietbiblioteke.

Op Brandvlei is ‘n stoor vir die biblioteek gebou en op Calvinia is ‘n sekuriteitomheining by die biblioteek aangebring.

2. Sale

Op al ons dorpe is gemeenskapsale of sportsale wat ook as gemeenskapsale gebruik word. Die huurtariewe is bekostigbaar sodat die gemeenskap die sale deurentyd kan gebruik. Op Calvinia is ‘n paar sale beskikbaar, wat verkry is met die oorname van Hantampark vanaf die Landbou Unie na die munisipaliteit. Die sale word deur permanente en tydelike werkers skoongehou.

Die gemeenskapsaal van Calvinia is voorsien van twee waterverkoeler asook die verbetering van die akoestiek.

3. Vliegveld

Calvinia is die enigste dorp in die Hantam wat ‘n geregistreerde vliegveld het. Die aanloopbaan is geteer en 1 250m lank en 15 meter breed. Vliegtuie van veral Departement Gesondheid van Kimberley maak gereeld van die baan gebruik. Ligte is aangebring wat nagvlugte nou moontlik

maak. Die LIONS organisasie het ‘n kragopwekker geskenk vir die aanskakeling van die ligte waaroor ons baie dankbaar is.

1.13 SPORTFASILITEITE

Die sportgronde in Calvinia-Wes is voltooi en met gras beplant en in gebruik gestel. Gras is weer op Hantam Park gevestig, wat weens die droogte dood is. Nieuwoudtville en het ‘n gras rugbyveld, maar Brandvlei het ‘n grondbaan. Op Loeriesfontein is gras op die rugbyveld gevestig met ondergrondse besproeiing.

Daar word beplan om Brandvlei se rugbyveld ook met gras te plant sodra die watertekort opgelos is.

Die jaarlikse Vleisfees, wat nasionaal bekend is, word jaarliks gedurende Augustus op Hantam Park aangebied.

Die sportvelde word ook deur die jaar gebruik vir geleenthede soos Vrouedag, Jeugdag, Menseregtedag, Vryheidsdag, Werkersdag, ens. Normaalweg kry ons sprekers, soos parlementslede of ministers, om die gemeenskappe toe te spreek.

Die plaaslike skole, asook rugby en sokkerklubs, maak van die sportvelde op ons dorpe gebruik. Krieket word ook in ‘n minder mate op die velde gespeel. Die munisipaliteit onderhou die bane.

Calvinia en Nieuwoudtville het swembaddens, alhoewel Calvinia se swembad nie meer in gebruik is nie. Kwotasies is ingewin om die swembad te vervlak en die koste was te hoog om die werk uit die munisipaliteit se kapitaalbegroting te doen. Daar word beplan om Calvinia se swembad gedurende die somer van 2011/12 weer oop te stel. Die netbalveld op Brandvlei is herseël terwyl die netbalveld op Nieuwoudtville ongeveer 80% voltooi is.

1.14 BEGRAAFPLASE

Hantam Munisipaliteit het begraafplase op elke dorp. Die begraafplase word nog afsonderlik deur die onderskeie gemeenskappe gebruik en die munisipaliteit poog om waar moontlik, die begraafplase te konsolideer. Waar nuwe begraafplase in die toekoms beplan word, sal dit gesamentlik deur alle gemeenskappe gebruik word. Die begraafplase word jaarliks ná die reënseisoen geskoffel deur tydelike werkers wat ook ‘n bron van werkskepping is.

Omgewingsimpakstudies word gedoen om ons begraafplase waar nodig uit te brei. Die omgewingsimpakstudie vir Calvinia is reeds voltooi en projek vir uitbreiding sal in 2012 aangepak word indien fondse dit toelaat.

SPA 2: PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING

1. Ekonomiese groei:

Die munisipaliteit help voornemende besighede om met potensiële befondsers kontak te maak.

Op Nieuwoudtville is ‘n Rooibostee verwerkingsaanleg gevestig wat ‘n groot bron van werkverskaffing (260 werksgeleenthede) is asook opkomende boere van ‘n mark voorsien. Die

projek is een van die grootste konstruksies wat die afgelope tyd in die Noord-Kaap aangepak is.

'n Blombol projek is te Nieuwoudtville gevestig wat selfversorgend is. Dit verskaf permanente werk aan 5 persone en tydelike werk aan 25 persone gedurende die seisoen wat die bolle geoes word.

Grond is aangekoop in Calvinia, Loeriesfontein en Brandvlei. Hierdeur word geleenthede aan opkomende boere gegee om hulself te bemagtig om later kommersiële boere te word.

Werk vir Water is 'n projek wat indringer plante in die totale Hantam Munisipale gebied uitroei. Hierdie projek skep die geleentheid vir lede van die gemeenskap om hulself te bekwaam in finansiële bestuur en om selfonderhoudend te wees.

Die R27 roete wat vanaf Kaapstad deur Nieuwoudtville, Calvinia en Brandvlei loop na die Noorde moet deurentyd in stand gehou word. Lede van die plaaslike gemeenskap word die geleentheid gebied om op die roete werksaam te wees.

2. Armoede verligting:

Die munisipaliteit poog om deur die EPWP-Projek, fondse vir werkskepping, eie fondse waarvoor begroot word, MIG fondse ens. werk te skep.

Die munisipaliteit neem ook tydelike werkers weekliks in diens om gapings in ons werkerskorps, wat ontstaan a.g.v. verlof ens, te vul.

3. Toerisme:

Die gastehuis konsep het op al ons dorpe posgevat en is 'n groot privaat werkverskaffingsgeleentheid.

Die munisipaliteit het nie 'n toerismekantoor nie, maar ondersteun die Namakwa Distriksmunisipaliteit wat toerisme op 'n streeksbasis vir ons bevorder.

Daar word ook in die blomme seisoen op Nieuwoudtville en Loeriesfontein toerisme kantore deur die privaat sektor bedryf. Op Calvinia hanteer die Namakwa Distriksmunisipaliteit die toerisme inligtingsfunksie dwarsdeur die jaar.

4. Meent

Die status van die meent binne die Hantam Munisipaliteit sien huidig soos volg daaruit:

Brandvlei	32 375 ha
Calvinia	7 084 ha
Loeriesfontein	31 640 ha
Nieuwoudtville	606 ha
Totaal	71 705 ha

In Calvinia, Loeriesfontein, Brandvlei en Nieuwoudtville word alle meentgrond vir die gebruik deur opkomende boere aangewend.

Alle meentgronde, tans 71 705 hektaar word aan opkomende boere verhuur.

'n Groot deel van Loeriesfontein se meent, wat ongeveer 19 800 hektaar beslaan is onderworpe aan 'n grondeis wat na verwagting in die volgende jaar afgehandel sal word. Departement Grondsake is deurentyd op soek na nog plase om vir die Munisipaliteit aan te koop vir die vergroting van die meent.

SPA 3: MUNISIPALE TRANSFORMASIE EN ORGANISATORIESE ONTWIKKELING

1. Raad:

Die Hantam Munisipaliteit het 5 wyke met 9 raadslede. Elke dorp het een wyk en Calvinia het 2 wyke. Die Raad bestaan uit 4 dames en 5 mans. Raadslede is verantwoordbaar teenoor hulle wyke/gemeenskappe en moet op 'n gereelde basis terugrapporteer aan hulle. Terugrapportering vind gewoonlik plaas met Imbizo's, wanneer die GOP hersien, asook die jaarlikse begroting opgestel word.

Raadslede is, volgens wetgewing, onderhewig aan 'n gedragskode.

Die meerderheid raadslede het opleiding van die Departement Behuising en Plaaslike Regering ontvang.

2. Burgemeester:

Die Burgemeester is ook die voorsitter van die Raad. Hy is 'n voltydse raadslid en handel volgens magte en pligte aan hom gedelegeer. Hy moet orde handhaaf volgens die gedragskode en reglement van orde. Hy moet ook verseker dat die Raad binne toepaslike wetgewing funksioneer. Hy is verder die skakel tussen die Raad en gemeenskap. Die burgemeester het sittingsreg as ex officio op alle komitees van die Raad.

Die Burgemeester het 'n Persoonlike Assistent wie se dienstermyn gekoppel is aan die dienstermyn van die Burgemeester.

3. Komitees:

Die munisipaliteit het 5 komitees wat volgens die departemente in die Raad ingedeel is, nl.
Institusionele Komitee
Finansiële Komitee
Infrastruktuur Komitee
Sosiale en Ekonomiese Komitee
Oudit Komitee

Die Oudit Komitee is 'n nuwe komitee wat tydens n raadsvergadering gehou op 10 Augustus 2010 aangestel is. Hierdie aanstelling is gedoen om n bevinding van die Ouditeur Generaal t.o.v. die vorige finansiële jaar reg te stel.

Hierdie komitees vergader normaalweg elke tweede maand en maak aanbevelings aan die Raad.

4. Administrasie:

Die organogram maak voorsiening vir vier Departemente onder die Munisipale Bestuurder en is as volg gestruktureer:

Institusionele Departement
Finansiële Departement
Infrastruktuur Departement
Sosiale Departement

Die pos van munisipale bestuurder en hoof finansiële beampte is vakant en beplanning is om die poste te adverteer.

Elke departement het ‘n departementshoof wat op hierdie stadium nog nie aangestel is as artikel 57-amptenare nie. ‘n Prestasie Bestuurstelsel is opgestel en deur die Raad goedgekeur. Die personeelkorps is 135 en alle amptenare is op die organogram geplaas. Posevaluering deur SALGA is nog nie afgehandel nie.

Die munisipaliteit het ‘n stel beleide wat die werksverhouding reël. Die beleide is die afgelope jaar hersien op ‘n bosberaad wat deur raadslede en senior personeel bygewoon is.

Dissiplinêre aksies word geloods soos die behoefte ontstaan.

5. Menslike hulpbronne:

Die munisipaliteit hanteer die totale funksie van menslike hulpbronne, wat insluit:
Advertering en aanstel van personeel.
Verlof administrasie.
Opleidingskursusse.
Ongevalle versekering.
Dissiplinêre verhore.
Behuisingadministrasie.
Indiening van verslae volgens wetgewing na Staatsdepartemente.

Die munisipaliteit ondervind min personeelomset en vakante poste is hoofsaaklik beperk tot laer posvlakke.

Arbeidsforum- en Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee vergaderings word gereeld gehou.

6. Geïntegreerde Ontwikkelings Beplanning: (GOP)

Die GOP se eerste 5 jaar-siklus het op 30 Junie 2007 verstryk. Publieke deelname is gebruik vir die hersiening van die GOP en die opstel van die dokument op ’n jaarlikse basis.

Die GOP is ‘n proses waardeur beplanning vanaf die onderste vlak, waar die behoefte die grootste is, gedoen word ten einde ontwikkeling op ‘n sinvolle en geïntegreerde skaal te verkry. Hierdie proses word in die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wet (Wet 32 van 2000) voorgeskryf en rus daar op die munisipaliteit ‘n wetlike verpligting om die GOP op te stel.

Die GOP Repforum vergader een keer per jaar.

Die visie van Hantam Munisipaliteit is:

Om ‘n veilige, gesonde, vriendelike en ekonomies volhoubare omgewing te skep, waar alle inwoners van die Hantam Munisipaliteit bevoordeel sal word deur effektiewe en doeltreffende munisipale dienslewering.

Die daarstelling van ‘n koste effektiewe gemeenskap ge-oriënteerde munisipaliteit, wat die gemeenskap se belange eerste stel, sal bereik word deurdat die volgende missie aanvaar is:

Deurlopende professionele opleiding van personeel ten einde kwaliteit en doelgerigte diens te verseker.
Die daarstelling van effektiewe instandhoudingsprogramme ten opsigte van bestaande infrastruktuur en ontwikkeling.
Die beginsels van Batho Pele te implementeer en te handhaaf.
Deursigtige, vriendelike, geloofwaardige diens te lewer om kliënte tevredenheid te waarborg.
Die skep van geleenthede vir ekonomiese groei en ontwikkeling.
Bevordering van maatskaplike dienslewering in die Hantam Munisipaliteit.

Die GOP is ‘n veeldoelige dokument, maar sal veral die volgende vernaamste funksies vervul:

- dien as ‘n riglyn vir toekomstige investering.
- help bevorder demokrasie en publieke verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling.
- effektiewe benutting van skaars, natuurlike en finansiële hulpbronne.
- vinniger en doeltreffende dienslewering.
- gekoördineerde samewerking tussen verskillende regeringsvlakke, semi-regeringsorganisasies sowel as internasionale organisasies.
- doelmatige beëindiging van voormalige diskriminerende regeringsbeleid.

Sleutel Verantwoordelikhede:

- Daarstel van demokratiese en verantwoordbare regering van plaaslike regering.
- Volhoubare dienslewering aan alle gemeenskappe.
- Sosiale en ekonomiese ontwikkeling.
- Daarstel van ‘n veilige en gesonde omgewing vir alle inwoners.
- Moedig betrokkenheid aan van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies met die werking van die munisipaliteit.

Die volgende projekte verskyn op die GOP.

NIEUWOUDTVILLE

Infrastruktuur

Beskrywing	**Bedrag**	**Befondser**
Opgradering van rioolstelsel in dorp	R3 500 000	MIG
Uitbreiding en opgradering van riooldamme	R1 900 000	MIG

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Ontwikkeling van gedienste erwe en bou van 150 huise.	R9 450 000	COGHSTA
Opgradering van water netwerk (Aansoek ingedien by MIG)	R2 500 000	MIG
Paaie en storm water (Aansoek ingedien by MIG)	R3 000 000	MIG
Sportgronde skep/opgradeer. (Aansoek ingedien by Lotto)	R2 500 000	LOTTO

Besoekersentrum skep vir toerisme.	R2 000 000	Ontwikkelings Bank
Uitbreiding van begraafplaas. (Aansoek ingedien by MIG)	R4 500 000	MIG
Opgradering van Pre-paid elektrisiteit stelsel	R20 000	MSIG
Nuwe reservoir (Aansoek ingedien by MIG)	R 3 500 000	MIG
Opstel van Meesterplan (Elektrisiteit).	R50 000	Munisipaliteit en NDM
Opstel van Meesterplan (Water).	R100 000	COGHSTA
Opgradering van Grootmaat Elektrisiteit.	R3 000 000	MIG
Vullisterrein opgradeer	R150 000	MIG
Ontwikkeling nuwe/ addisionele Waterbronne.(Aansoek ingedien by MIG)	R5 500 000	MIG
Mobiele Thusong Centers	R500 000	Staat
Ablusie Geriewe by Nieuwoudtville Waterval en Blomreservaat. (Toilette en Hande Wasbakke).	R50 000	Munisipaliteit en NDM
Nieuwoudtville Waterval en Blomreservaat Beheer van Indringerplante.	R100 000	Munisipaliteit en NDM
Opstel van Webtuiste	R10 000	Munisipale fondse
Skut ontwikkel	R50 000	Munisipaliteit en NDM
Dam beveiliging (Aansoek ingedien by MIG)	R2 300 00	MIG

Sosiaal

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Verseker deelname van jeug in landbou		Staat
Gratis toekenning (50 kWh elektrisiteit en 6 kℓ. water uit IOT fondse)		Munisipaliteit en IOT fondse

Ekonomiese Projekte

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Hout – verwerk uitheemse bome tot spesifieke produk (navorsing bloekombome en prosopis verwyder en verwerk) NDM het reeds besigheidsplan na Premier geneem vir verwerking van hout tot charcoal. Sekondêre produkte.		NDM
Die Ontwikkeling van Oorlogskloof Natuurreservaat.		Staat
Rooibos Tea: Emerging Farmers Development		Staat
Project: Tweefontein		Staat
Junior Land Care (Bokkeveld)		Staat
Hernubare Energie		Privaat Maatskappy
National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit

CALVINIA

Infrastruktuur

Diens van 247 erwe	R6 000 000	COGHSTA
Water suiweringswerke opgradeer	R6 000 000	MIG
Riool oksidasiedamme uitbrei	R8 000 000	MIG

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Opgradering van Steynstraat	R42 000	NDM
Strate en stormwater.(Aansoek ingedien by MIG)	R9 800 000	MIG en EPWP
Opgradering van Waternetwerk.(Aansoek ingedien by MIG)	R2 800 000	MIG
Straatbeligting Rooi Erwe	R70 000	MIG
Opgradering van pre-paid elektrisiteit stelsel	R20 000	MSIG
Akkerendam: Aanstel van Reservaatbestuurder	R155 000	Dept Toerisme
Akkerendam: Opgradeer van Braaiplekke, Paaie en Bruggies.	R250 000	Dept Toerisme
Akkerendam: Konferensiesentrum	R7 000 000	Dept Toerisme
Akkerendam: Staproetes	R100 000	Dept Toerisme
Akkerendam: Toegangsbeheer	R50 000	Dept Toerisme
Uitbreiding van Begraafplaas.(Aansoek ingedien by MIG)	R4 000 000	MIG
Opstel van Meesterplan Water.	R100 000	MIG
Opstel van Meesterplan Elektrisiteit.	R100 000	MIG
Vullisterrein verskuif	R5 000 000	MIG
Speelparke ontwikkel.	R100 000	Munisipaliteit en NDM
Spreiligte Hantampark	R200 000	MIG
Ontwikkeling van erwe vir behuisingsdoeleindes	R6 000 000	COGHSTA
Thusong Centre	R11 000 000	Staat
Opstel van webtuiste	R10 000	Munisipaliteit
Skut ontwikkel	R20 000	Munisipaliteit en NDM

Sosiaal

Die volgende projekte is vir die toekoms identifiseer:

Verseker deelname van jeug in landbou.		Staat
Gratis toekenning (50 kWh elektrisiteit en 6 kℓ. Water uit IOT fondse)		Munisipaliteit en IOT fondse
Projek vir Bejaardes in Craft Centre		Staat
USASSA Tele-Centre in Craft Centre		Staat

Ekonomiese Ontwikkeling

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit
Prosopis uithaal en verwerk (Werk vir Water) (NDM het besigheidsplan vir die maak van Charcoal na Premier geneem). (Sekondêre produkte).		Staat

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit

Fire Wood Nursery Projek daarstel.		Staat
Rebunie Recycling Projek daarstel.		Staat
Opkomende boerdery verder uitbrei. (Aankoop van nog plase).		Staat
Velleverwerkingsnywerheid skep.		Privaat besigheid
Botaniese belangrikheid van die Hantam / Tankwa / Roggeveldstreek		Staat
Land care Business/Project Plan: Junior Dorper Course Calvinia		Staat
Hernubare Energie		Privaat besigheid
Shell eksplorasie vir olie/gas		Privaat

LOERIESFONTEIN

Infrastruktuur

Ontwikkeling van erwe en bou van 50 huise	R3 100 000	COGHSTA
Beplan, opmeet en diens van 307 erwe	R7 457 337	COGHSTA en NDM

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Erwe ontwikkel en huise bou	R9 000 000	COGHSTA
Opgradering Grootmaat Elektrisiteit	R3 000 000	MIG
Water. Opgradering van retikulasiesisteem en suiwering.	R4 000 000	MIG
Sportgronde/Sprei ligte.	R300 000	Munisipaliteit en NDM
Opgradering van pre-paid elektrisiteit stelsel	R20 000	MSIG
Speelparke en tennisbaan daarstel.	R500 000	MIG
Skut ontwikkel	R20 000	Munisipaliteit en NDM
Uitbreiding van Begraafplaas	R4 500 000	MIG
Meester- en Onderhoudsplan – Elektrisiteit opstel.	R100 000	MIG
Meester- en Onderhoudsplan – Water opstel.	R100 000	MIG
Vullisterrein opgradeer.	R3 000 000	MIG
Toerismekantoor daarstel.	R100 000	Munisipaliteit en NDM
Paaie en Stormwater.(Aansoek ingedien by MIG)	R5 000 000	MIG
Pawiljoen	R100 000	Munisipaliteit en NDM
Mobile Thusong Centres	R500 000	Staat
Opstel van Webtuiste	R10 000	Munisipaliteit
Elektrifisering van 50 huise (MIG aansoek ingedien)	R750 000	MIG
Vervanging van VIP toilette met spoelrioolstelsel	R10 000 000	MIG

Sosiaal

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Verseker deelname van jeug in landbou.		Staat
Veiligheid van Inwoners : Verkeerstekens en Padreëls nakom		Staat en Munisipale Verkeer
Gratis toekenning (50 kWh elektrisiteit en 6 kℓ. Water uit IOT fondse)		Munisipaliteit en IOT fondse

Ekonomiese Projekvoorstelle

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit
Opkomende boerdery uitbou deur nog plase aan te koop.		Staat
Hernubare Energie		Privaat besigheid
Steenprojek daarstel.		Staat
Tonnelboerdery verder uitbou.		Staat
Beheer van indringerplante op munisipale grond (Werk vir Water). (NDM het besigheidsplan vir die maak van Charcoal na Premier geneem). (Sekondêre produkte).		Staat
De Brak (Grondeis).		Staat
Pad Tussen Nieuwoudtville en Loeriesfontein herstel		Staat
Hernubare Energie		Privaat besigheid

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit

BRANDVLEI

Infrastruktuur

Ontsoutingsaanleg (MIG aansoek ingedien)	R8 500 000	MIG
Diens van 60 erwe en bou van huise	R4 800 000	COGHSTA
Waterondersoek	R740 000	MIG en NDM

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Sportfasiliteite opgradeer	R200 000	LOTTO
Nuwe Reservoir.	R2 000 000	MIG
Hoëmas Beligting fase 2 en 3	R1 500 000	MIG
Uitbreiding van Begraafplaas	R4 500 000	MIG
Opgradering van Waternetwerk	R4 000 000	MIG
Opstel van Meesterplan Water.	R100 000	MIG
Opstel van Meesterplan Elektrisiteit.	R100 000	MIG
Vullisterrein opgradeer.	R3 000 000	MIG
Opgradering van strate en stormwater (Aansoek ingedien by MIG)	R4 600 000	MIG
Ontwikkeling van erwe en bou van huise	R10 000 000	COGHSTA
Omheining van Meent	R1 000 000	Staat
Mobiele Thusong Centres	R500 000	Staat
Opstel van Webtuiste	R10 000	Munisipaliteit
Opgradering van pre-paid elektrisiteit stelsel	R20 000	MSIG
Toilette Swartkops (40)	R180 000	COGHSTA

Skut ontwikkel	R20 000	Munisipaliteit en NDM

Sosiaal

Die volgende projekte is vir die toekoms identifiseer:

HIV/AIDS bewusmaking	R20 000	Munisipaliteit en staat
Verseker deelname van jeug in landbou.		Staat
Eko Klub		Staat
Navorsing en Dokumentering van San-tekeninge		Staat
Gratis toekenning (50 kWh elektrisiteit en 6 kℓ. Water uit IOT fondse)		Munisipaliteit en IOT fondse

Ekonomies

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit
Grondhervorming verhuring van meent aan kleinboere.		Munisipaliteit en staat

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit
Soutverwerking (Eers impakstudie doen)		Privaat besigheid
Hoenderprojek ontwikkel. (Eiers).		Staat
Werk vir Water. (Prosopisbome bestry).		Staat
Aankoop van addisionele grond vir opkomende boere.		Staat
Klub vir Bejaardes en Groente Tuine		Staat
Oeweraanplanting (Brandvlei)		Staat
Ikhitsi Labahlwelekileyo (Ikhitsi)		Staat
Handwerkprojek (vervaardig en verkoop) (benodig gebou)		Staat
Bietjie van Als (Herwinning van glas, papier. Bouwerk en opknapping) (beskik oor NPO Nommer)		Staat
Hernubare Energie		Privaat besigheid
Shell eksplorasie vir olie/gas		Privaat

MIDDELPOS

Infrastruktuur

Beplanning, Diens en Opmeet van 57 Erwe	R1 400 000	COGHSTA

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Uitbreiding van Begraafplaas	R472 832	COGHSTA
Ontwikkel nuwe/addisionele Waterbronne	R1 500 000	MIG
Vullisterrein opgradeer.	R500 000	MIG
Ontwikkeling van Middelpos na dieselfde Standard as	R2 000 000	COGHSTA

ander dorpe binne Hantam		
Elektrifisering van Huise.	R280 000	MIG
Provinsiale pad tussen Middelpos en Calvinia opgradeer om dienslewering (Munisipaliteit en Staat) te vergemaklik		Staat
Hoëmas Beligting of straatligte	R300 000	MIG
Ontwikkeling van erwe vir behuisingsdoeleindes.	R1 800 000	COGHSTA
ATM beskikbaar maak ABSA of CAPITEC		Privaat bank
Sportgronde Ontwikkel	R1 000 000	MIG
Bruggie Koshuis na Skool	R35 000	Munisipaliteit en NDM
Mobiele Thusong Centre	R500 000	Staat
Opstel van Webtuiste	R10 000	Munisipaliteit
Skut ontwikkel	R20 000	Munisipaliteit en NDM
Elektrifisering van 40 huise (MIG aansoek ingedien)	R150 000	MIG
Opgradering van water en padinfrastruktuur	R1 500 000	MIG
Opstel van meesterplan elektrisiteit	R50 000	MIG
Opstel van meesterplan water	R50 000	MIG

Sosiaal

Gratis toekenning uit IOT fondse om hout/parafien/gas aan te koop		Munisipaliteit en IOT fondse

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

Meer volledige dienste deur staatsdepartemente daarstel (Dept. Arbeid; Welsyn; Maatskaplike Dienste; Binnelandse Sake; Gesondheid; Onderwys)		Staat
Jeugontwikkelingsprojekte bevorder bv.; voedseltuin; opleiding en kapasiteitsbou		Staat
Drop in centre daarstel		Staat
Beter ambulansdiens na Calvinia daarstel en moontlik ambulans stasioneer op Middelpos		Staat
TV fasiliteite in saal beskikbaar stel en in stand hou. Moet ontwikkel word sodat almal kan nut hê.	R20 000	Munisipaliteit en NDM

Ekonomies

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit

Die volgende projekte is vir die volgende 3 jaar identifiseer:

National Food for Waste Programme. Verwydering van vullis uit dorpe in ruil vir kospakkies.		Staat en Munisipaliteit
Werkskeppingsprojekte bv. “kougoed” kweek; knoffelboerdery; Prosopis bestryding/verwerking (Besigheidsplan reeds na Premier om charcoal te		Staat

vervaardig – sekondêre produkte).		
Bakkery daarstel		Staat
Privaatvervoerdiens tussen Middelpos en Calvinia daarstel		Privaat besigheid
Hernubare Energie		Privaat besigheid

6. Amptelike web tuiste.

Die Munisipaliteit se amptelike nuwe webtuiste www.hantam.gov.za het op die 12 Maart 2011 inwerking getree waar amptelike dokumente van die Munisipaliteit geplaas word.

SPA 4: EFFEKTIEWE BESTUUR EN PUBLIEKE DEELNAME

1. Publieke deelname, verantwoordbaarheid en transformasie:

Die plaaslike radiostasie, Radio Kaboesna, wat in Calvinia uitsaai, word ondersteun. Die munisipaliteit het ‘n uitsaaislot uitgeneem en probeer van tyd tot tyd om vir minstens 30 minute inligting aan die publiek deur te gee. Publieke deelname word aangemoedig deur middel van vrae, antwoorde en insette gedurende die uitsaaislot.

Raadslede hou van tyd tot tyd publieke vergaderings in hulle wyke oor essensiële sake. Aangesien ons wyke relatief klein is, beweeg raadslede maklik deur hulle wyke en is op hoogte van die gemeenskappe se behoeftes en klagtes.

Die munisipaliteit het ‘n stel beleide en het standaard verordeninge aangeneem om ons werksaamhede beter te orden.

Die munisipaliteit het gedelegeerde bevoegdhede aan amptenare gegee om te verseker dat die Raad nie oor alle dag tot dag sake hoef te besluit nie.

By elke munisipale kantoor is ‘n register waar lede van die publiek klagtes of voorstelle kan inskryf. Die klagteboeke word op ‘n gereelde basis nagesien vir opvolgwerk.

2. Raad ontmoet die gemeenskap:

Die Raad hou jaarliks vergaderings met die gemeenskappe om te luister wat die gemeenskappe aan die Raad wil sê, en om ook sekere inligting aan die gemeenskappe oor te dra. Die vergaderings vind plaas wanneer die GOP hersien word en die begroting opgestel word.

3. Gemeenskapswerkers (CDW’s):

Die Departement Behuising en Plaaslike Regering is verantwoordelik vir die CDW’s en betaal ook hulle salarisse. In elke wyk is ‘n voltydse CDW in diens. Die hoofdoel van die CDW’s is om die doelstellings van die regering te bevorder deur demokratiese deelname op plaaslike vlak te bevorder. Hulle moet ook regeringsdienste toegankliker vir die algemene publiek maak. Die twee wyke (wyk 1 & 2) in Calvinia is tans vakant en ook die CDW-pos te Middelpos (wyk 4).

4. Fondse vir hulpverlening:

Fondse verkry vir verskeie projekte

Financial Management Grant:

Aanstelling van 3 finansiële leerlinge	R 225 000
Aanstelling van 2 interne ouditeur leerlinge	R 150 000
Opleiding van bogenoemde leerlinge	R 200 000
Aanstelling van interne oudit eenheid	R 350 000
Opleiding van voorraad verkrygingseenheid	R 60 000
Opleiding van finansiële personeel	R215 000

Municipal Systems Improvement Grant

Opgradering van telefoonstelsel/pms	R 195 000
Opstel van interim waardasierol	R 50 000
Opleiding van argiewe personeel	R 10 000
Implementering van aanteken klokstelsel	R 50 000
Uitbreiding van voorafbetaalde elektrisiteitstelsels	R 50 000
Uitbouining van wykskomitees	R 150 000
Opstel van bateregister	R 245 000

Ander subsidies vir die toekoms reeds afgekondig:

Subsidie	2010/2011	2011/2012	2012/2013	2013/2014
IOT	R15 680 000	R17 683 000	R19 543 000	R20 817 000
FMG	R 1 200 000	R 1 450 000	R 1 500 000	R 1 750 000
MSIG	R 750 000	R 790 000	R 800 000	R 900 000
MIG	R 7 686 000	R10 505 000	R 12 773 000	R13 475 000
NERSA		R 1 513 000		
Bulk Water B/vlei				R 8 775 000
NDM	R 500 000	R 300 000		
Biblioteek	R 260 000	R 399 000	R 433 000	R 474 000

5. Wykskomitee stelsel:

Die munisipaliteit het wykskomitees in alle wyke. Die funksionering van die wykskomitees is in een dorp nl. Brandvlei goed en in die ander dorpe fuksioneer die wykskomitees swak. Die nie-betaling van wykskomiteelede is in die Hantam Munisipaliteit, soos ook in baie munisipaliteite, die oorsaak van swak funksionering. Daar word beplan om in die nuwe jaar die wykskomitee stelsel weer op die been te bring.

6. Korporatiewe regering:

Die Administrasie verleen administratiewe hulp vir raadslede op ‘n daaglikse basis. Raadslede gebruik die munisipaliteit se telefoon-faks en rekenaargeriewe. Bystand met reis- en verblyfeise, asook die bespreking van akkommodasie, word deur die Administrasie gedoen.

7. Imbizo fokus week:

Gedurende die Imbizo week ontmoet raadslede die gemeenskap en soms kry ons besoek van ‘n minister om die Imbizo’s by te woon. Raadslede luister na die insette van die gemeenskap

en verduidelik ook aan die gemeenskappe wat die munisipaliteit gedoen het om dienslewering te bespoedig en die rede hoekom ons by sommige sake tekort skiet.

8. Interne oudit:

Die Raad het 16 Julie 2010 ITILE Consulting aangestel om die interne oudit funksie te behartig. Dit is gedoen om die nie-nakoming van die interne oudit funksie soos deur die Ouditeur Generaal in die vorige finansiële jaar bevind reg te stel.

Die funksies behels die volgende.

Gaan die korrektheid van rekeningkundige transaksies na, soos opgeteken in die munisipaliteit se boeke.
Analiseer sisteme om te verseker dat hulle voldoende beheermeganismes het.
Analiseer of die korrekte hulpmiddele gebruik is teen die laagste koste om die doel te bereik.
Verseker dat wetlike vereistes, beleide, besluite en prosedures nagekom word.
Moniteer of risiko doeltreffend bestuur word.

9. Administrasie:

Hanteer alle administratiewe funksies van raad- en komiteevergaderings.
Die veilige bewaring van alle agendas, notules, ens. van die Raad.
Plasing van alle tenders en vakatures in die media.
Hanteer alle pos en afrol funksie van die munisipaliteit.
Die argieffunksie word volgens wetgewing hanteer.
Administratiewe funksies van die munisipaliteit in die algemeen.

Notules van raadsvergaderings word op band opgeneem en bewaar om enige wetlike en finansiële implikasies vir die munisipaliteit te minimaliseer.

Die munisipaliteit het by die setel in Calvinia ‘n voltydse skakelbordoperateur wat alle inkomende en meeste uitgaande oproepe hanteer. Op die ander dorpe word die funksie deur die kassiere en kantoorhoof gedeel.

SPA 5: EFFEKTIEWE MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUUR

Die munisipaliteit was suksesvol om tot op datum finansieel volhoubaar te wees t.o.v. ons verpligtinge soos bv:

- Eskom is maandeliks ten volle betaal.
- Personeelkoste en raadslidtoelaes is maandeliks betaal.
- Alle verbruikersdienste, insluitend gratis basiese dienste, kan maandeliks gelewer word.
- Herstel en Onderhoud is gedoen op die netwerke om die lewensduur van die bates te verleng en om dienslewering volhoubaar te maak.
- Surplus fondse is belê wanneer voorkom en alle projekgelde is apart belê, sodat daar nie kontantvloeiprobleme ontstaan nie.
- Geen eksterne lenings is gedurende die jaar opgeneem nie.

Daar word al hoe meer van elektroniese betalings gebruik gemaak ten opsigte van krediteure, om sodoende die bankkoste te verminder en korrupsie uit te skakel.

Inkomste- en Uitgawe verslae is aan die Raad voorsien tydens raadsvergaderings, en alle maandelikse- en kwartaalverslae, soos bepaal in die MFMA, is aan die Nasionale- en Provinsiale Tesourie voorsien.

FINANSIëLE STATE EN OUDITEURSVERSLAG 2010/2011

Finansiële state, Finansiële verslag, Ouditeursverslag, Aksieplan i.v.m. Ouditeursverslag vir 2010/2011 word apart aangeheg.